

DIE SNUFFELS

UITGAWE 3 • KW3

Ons doen die gewone dinge buitengewoon

TROTS HOPEFIELD

INTER SCHOOLS

School spirit, support,
and a whole lot of green,
yellow, and blue!

WINTER BAL

'n Aand van glans
en herinneringe om
te hou.

ESKOM EXPO

Young scientists
show that big ideas
can come from
small towns.

VARIA

Een verhoog. Absolute
chaos.

EISTEDD FOD

Ons leerders neem die
verhoog en laat hul
talent praat.



INDEKS

- Varia
 - Eskom Expo
 - Winterbal
 - Interskole week
 - Big Brag
 - Interskole
 - 40 Days
 - Eisteddfod
 - CHILL Camp
 - Fynbosskou
 - Sekretaresse Dag
 - Spring Ball
-
- Rugby
 - Hokkie
 - Netbal

VARIA:

Die prettigste revue van die jaar!

Jessica Kotze en Niena Viljoen – Graad 12 en 10

Elke Hopefielder sien jaarliks uit na hiërdie opwindende sang-, dans- en toneelproduksie wat die verhoog behoorlik laat lewe. Die vertoning kombineer verskillende style van musiek, sang, dans en toneelspel om 'n komiese storie te vertel en die gehoor van begin tot einde te vermaak. Dit gee leerders die kans om hul talente te wys en die kollig onder die teaterligte te steel.

Met baie oefening tydens die Junie-vakansie, asook energie en spanwerk agter die skerm, is Varia werklik 'n produksie van besondere waarde wat jy beslis nie wil misloop nie!

Nanita, een van die leerders wat 'n hoofkarakter vertolk het, vertel dat die ervaring vir haar veel meer as net 'n toneelproduksie was:

“As ek Varia in een woord moet beskryf: ONVERGEETLIK! Om eerlik te wees, het ek aanvanklik by Varia aangesluit as 'n buitemuurse aktiwiteit, maar dit het veel meer as dit geword – dit het my 'safe space' geword, waar ek myself kon wees en verskeie verhoudings met mense kon bou. Dit was 'n voorreg om my laaste skooljaar af te sluit met 'n hoofrol as Franny, 'n perfekte rol waarin ek my persoonlikheid aan die gehoor kon uitbeeld. 'n Rol waarin ek MYSELF kon wees. Ek kan nie wag om te sien watter haas die Varia-produksie uit die hoed gaan trek nie, en om dit weer te kan geniet, maar hierdie keer vanuit die gehoor se perspektief.”

En die gehoor? Een van die vele Hopefielders wat die vertoning bygewoon het, het die vertoning só beskryf:

“What a fantastic show! Varia was so funny and entertaining from start to finish. I loved how they involved everyone and made the whole crowd feel like we were part of the show. This year's show was definitely a privilege to watch. Well done to everyone involved!”

Varia 2026 het weereens bewys dat wanneer die gordyne uiteindelik sak, die applous, lag en herinneringe nog lank daarna in die gange van Hopefield voortleef.

Want Varia is nie net 'n revue nie – dit is 'n ervaring.









ESKOM EXPO:

Young Scientists Shine at the West Coast Eskom Expo

Maritza Harmse – Grade 12

Six of our learners recently represented HSH at the West Coast Regional Eskom Expo for Young Scientists, returning with an impressive collection of medals and awards.

Divan Paulissen was awarded a bronze medal, while Ilé de Beer, Danika Fabian, Taryn-Faith Fraser and Katja Groenewald each earned silver medals. Daniela Dixon took home a gold medal, marking an outstanding result for all six participants.

The achievements continued beyond the medal results. Ilé was named the category winner for Earth Sciences, while Daniela was the category winner for Agriculture. Daniela was also awarded the Eskom Best Female Scientist title, adding an especially exciting achievement to an already successful Expo.

However, anyone who has taken part in the Eskom Expo knows that the experience is about more than the awards at the end of the day.

After all the research, experimenting, analysing and putting together a project, Expo is where you finally get to see what everyone else has been working on while showcasing your own hard work. There is something incredibly exciting about walking into a venue filled with learners from different schools, all eager to present their scientific findings. You get to talk to other participants, hear about completely different areas of science and discover ideas that you might never have encountered in a normal classroom.

The West Coast Regional Eskom Expo was therefore not only a successful competition for our school, but also an opportunity for our young scientists to learn, connect and experience science in a completely new way.

A huge congratulations to Divan, Ilé, Danika, Taryn-Faith, Katja and Daniela on their achievements. Their success is something the entire school can be proud of. Who knows what ideas they might come up with next? Perhaps one of them will be the idea that changes the world. For now, we can't wait to see what our young scientists discover next.





WINTERBAL:

A Night of Rhythm and Radiance

Anya Nel and Amika Joubert – Grade 10

The week before our much-anticipated Inter-Schools Day, the annual HSH Winter Ball brought students together for an unforgettable night. The semi-formal dance was a wonderful opportunity for everyone to dress up, relax and enjoy an evening away from the usual school routine.

Die aand het begin met 'n verwelkoming deur ons hoofleiers, gevolg deur 'n heerlike ete. Die saal was pragtig en weelderig versier, met soveel moeite dat 'n mens amper kon wonder of jy by 'n skoordans of werklik op 'n tropiese eiland was.

Dinner was not only about enjoying the delicious food, but also about getting to know new people. Conversations flowed easily, giving students the opportunity to meet people they might not normally spend time with at school. It was a lovely way to start the evening and form new connections.

Na die ete is die dansbaan geopen, en die res van die aand was gevul met musiek, lag en dans. Honderde foto's is geneem om die goeie herinneringe van die aand vas te vang.


A creative and fun addition to the evening was a card game table, which gave students the chance to play dominoes and other games. It was a terrific way to meet new people, have fun and enjoy a game or two away from the dance floor.

Die musiekkeuse van die aand was beslis uit die boonste rakke, en almal het uit volle bors saamgesing — 'n goeie oefenlopie vir die groot dag wat voorgelê het.

The evening eventually came to an end with the presentation of awards to our four first teams, followed by a final farewell, a few thank-yous and one last dance. Winter Ball was more than just a dance; it was an evening filled with laughter, new friendships and memories that will last long after the music stopped. It was truly a night of rhythm and radiance — and the perfect way to build excitement for Inter-Schools!









INTERSKOLE WEEK:

Een dag kort, maar beslis nie kort in gees!

Almari van Niekerk – Graad 11

Dinsdag:

Laat jou hare los!

Vroegoggend in die vierkant staan die mis nog dik. Die son slaap nog, maar die gees van HSH is reeds wakker. Met pruike, glitter en een te veel boksterte het die Hopefielders gewys dat hulle beslis weet hoe om Interskole-week af te skop! Van kleurvolle haarstyle tot uitspattige pruike – niemand was bang om hul hare, en hul gees, te laat los nie.



Wednesday:

Hats Off!

The challenge was simple: wear your most vibey, coolest and most spirited hat of them all... and oh my hat, did HSH pull it off! From ridiculous to creative, from tiny to absolutely enormous, our learners proved that a hat can say a lot about school spirit. The quad was filled with an impressive collection of headwear, and every hat added to the excitement building towards Inter-Schools.

Donderdag:

Sit jou brille op en hou vir Hopefield dop...

Nie net het ons HSH-leerders ons skool se kleure met trots vertoon nie, maar brille was ook 'n belangrike deel van hul civviesdag-uitrustings. Van reusagtige sonbrille tot duik- en motorfietsbrille – almal was “too cool for school!” Die dag was 'n perfekte mengsel van styl, humor en natuurlik 'n hele klomp Hopefield-gees.



BIG BRAG

Almari van Niekerk – Graad 11

On Friday, the 14th of August, the Hopefielders left their silly costumes at home. Standing neatly in their school uniforms, they wore their HSH rosettes with pride. The hall was filled with anticipation, every learner buzzing with excitement. It was as if someone had hit the “on” switch – the spirit was alive, the singsongs were booming, and school pride was bigger than ever.

Speech after speech, it became clear just how incredible a season our school had experienced. HSH had shown what it means to stand together as one united front, fully prepared to take on the Dallers.

The day was brought to a close by our first teams, but not without some truly memorable moments. As they walked onto the stage, the pride they felt was almost tangible. What an incredible honour it was for them to receive their jerseys from the parents who had supported, encouraged and guided them every step of the way.

For our Matrics, this Big Brag was an especially emotional one – a moment that marked not only the end of their school sporting journey, but also a memory they will carry with them long after they leave the halls of HSH.

And as Mr. Jacques and the Geeskom took to the stage one last time, there was only one song that could perfectly sum up the week, the season and the spirit of Hopefield:

“Ons vir jou, Hopefield!”

Inter-Schools Week may have been short, but the spirit, the memories and the pride it created will certainly last a whole lot longer.





INTERSKOLE:

Een Skool, Een Gees

Johanné Visagé – Graad 11

Op 15 Augustus 2026 het HSH se sportgronde gegons van opwinding toe Hoërskool Hopefield en Hoërskool Vredendal mekaar tydens Interskole die stryd aangesê het. Met ondersteuners en leerders wat in groot getalle opgedaag het, was die gees van vroeg af tasbaar.

Die pawiljoen was in ware Interskole-styl versier, met die verskillende skole se temas wat die atmosfeer nog meer besonders maak het.

Met krete en singsongs wat oor die sportgronde weergalm het, het die leerders hulle skool met trots aangemoedig. Elke speler het met deursettingsvermoë en Hopefield-guts meegeding, en uiteindelik het HSH die Interskole-oorwinning behaal.

Toe die eindfluitjie van die eerste span-rugbywedstryd blaas, het die leerders van die pawiljoen af die veld ingestorm om die spelers geluk te wens. Die eerste span het 'n kring gevorm, met die res van die skool wat rondom hulle saamgetrek het. Die skoollied was toe uit volle bors gesing, 'n trotse tradisie na elke wedstryd.

Vir die matrieks was dit 'n besonder emosionele oomblik, aangesien dit hul laaste Interskole as leerders van HSH was. Dit was nie net 'n dag van sport nie, maar 'n dag van herinneringe, gees en trots wat hulle nog lank sal bybly.



Kaptein o/19A Rugby
– Thehan Barnard


“There are no shortcuts in rugby. It tests your body, your mind, and your spirit. Today, we leave it all on the pitch.”



Kaptein o/19A
Hokkie Meisies –
Anya van Dyk:

“Een span, een doel,
saam bereik ons
sukkses!”

Baie geluk aan al ons spelers en spanne, en 'n groot dankie aan die A-team, personeel en ondersteuners wat Interskole 2026 so 'n spesiale dag maak het!



INTERSCHOOLS







RUGBY









NETBAL









HOCKEY GIRLS









HOKKIE SEUNS







40 DAYS:

Before We Say Goodbye

Carla Conradie – Grade 12

The 21st of August marked the Matrics' 40 Days — only 40 days left of waking up early and going to school. Only 40 days left of trying (and failing) to stay awake during a double period, standing in line at the tuckshop, asking your friends what the time is and what you have after the current period. But it also meant only 40 days left before we have to come to the realisation that our school years have come to an end, and that we will each have to go our separate ways...

The Matrics rose just before the sun, armed with bags, blankets, camping chairs and, most importantly... tents! At 5 a.m., clad in comfy outfits, pyjamas and bonnets, the Matrics started "marking their territory" and made the quad their own.


Cuddled up around the warm fire, with a banner of our baby photos staring back at us, we enjoyed s'mores and hot chocolate. With music playing in the background, we chatted, laughed, danced and, most importantly, reminisced about all the memories we had made during our years at HSH.

After an entertaining and hilarious presentation of "Most Likely To", we enjoyed juicy burgers before getting ready for the day's next challenge: costumes! From Two Broke Girls, Shrek, Shimmer and Shine, Monster High and Night at the Museum — you name it! The Matrics certainly put their creativity on display.

After looking quite ridiculous during class time, first break brought a whole bunch of exciting activities. An eating contest, karaoke and "What's in the Box?" ensured that there were plenty of laughs and opportunities to make a few more memories. During second break, the winners of the first-break competitions got to have a little fun "revenge" by spinning a wheel of punishments to determine what would be inflicted on a teacher. Water, shaving cream, flour... Poor Miss Rosa!

As this bittersweet day came to an end, it was hard not to realise just how quickly our final year has gone by. What started as 40 days now feels like the beginning of the final countdown. While there is still plenty of laughter, chaos and school memories to be made, the end is officially in sight.

The 40 Days weren't just about dressing up, eating, laughing and taking photos with teachers. They were a reminder to appreciate the people and moments that made our time at HSH so special. With only a handful of school days left, there is only one thing left to do: make every moment count, before 40 becomes 0.



EISTEDDFOD

Kristina Jonker – Graad 10

Kwartaal drie is vir baie van ons die heel besigste kwartaal van die jaar, en 'n groot rede hiervoor is die Wes-Boland Eisteddfod. Van dig tot dans is daar soveel tyd, moeite en passie wat in hierdie aspek van ons skool ingaan.

For many people looking from the outside, Eisteddfod is simply reciting a few lines to score some culture points. They do not see the bigger picture. They do not see how a song gets sung from the very soul of a singer. They do not see how a dance can capture an entire audience in awe, using a beautiful, silent language. They do not see how an essay can be the only way for a writer to express things they might still be trying to understand themselves. They do not see the magic.

Baie verstaan ook nie hoeveel moeite die deelnemers insit nie. Die lang soektog na die perfekte prosastuk, die ure en ure se oefen aan 'n klavierliedjie, die rondry en alles op die kalenders beplan rondom die dag waarop daar uiteindelik opgetree word. Dit vat ongelooflik baie tyd en omgee, en so baie daarvan word nie eers raakgesien nie.

HSH is so sterk kultureel, en dit is iets waarop ons ongelooflik trots kan wees. 'n Groot deel van hierdie kultuur vloei uit die propvol derde kwartaal. Maar dit is nie net die deelnemers wat hierdie kultuur skep nie. Die onderwysers wat betrokke is en die kinders wat uithelp by die optredes, is 'n absolute hoeksteen van hierdie hele operasie.

Juffrou Elna verdien veral 'n groot dankie van al die deelnemers af vir al die beplanning en organisering wat sy gedoen het om Eisteddfod 2026 vir HSH 'n groot sukses te maak. Ons sou heeltewel verlore wees sonder Juffrou!

We are all excited to see all the accomplishments our students have achieved in this year's Eisteddfod. It was a crazy and exciting term for everyone, whether they participated or not, but there is no doubt that Eisteddfod was at the heart of this rollercoaster of a term.

The work is done, the results are in, and all is over – but the magic still lingers.



**"Creativity now is as
important in education as
literacy."**

— Sir Ken Robinson

CHILL CAMP:

Armour of God

Keoratile Monnanyane – Grade 11

Imagine a place filled with laughter, worship, unforgettable memories and a whole lot of faith – that was Chill Camp! This year's Christian school camp was an uplifting and amazing experience that brought everyone together under the powerful theme, "Armour of God." We were reminded that God equips us with everything we need to face life's challenges and stand firm in our faith.

From exciting activities and fun moments to meaningful worship sessions, every part of the camp created an atmosphere of joy, encouragement and togetherness. The speakers really delivered the message, bringing powerful and relatable lessons that connected with everyone and encouraged us to grow closer to God.

But Chill Camp was more than just a fun getaway. It was an opportunity to strengthen friendships, grow spiritually, step away from the busyness of everyday life and create memories that will last long after the camp has ended. Most importantly, it gave everyone a chance to experience God's presence and reflect on what it means to live out their faith.

Chill Camp truly reminded us that we are never alone when facing life's challenges. With God's armour, we can stand strong, remain courageous and continue to live faithfully – whatever comes our way.



DIE STORIE AGTER DIE FYNBOSSKOU

Katryn Dixon – Graad 12

Hopefield borrel met kleur, die reuk van blomme vul die lug en kinders se gegiggel word oral gehoor.

Dis Fynbos Skou.

Elke jaar word daar met hope opwinding uitgesien na die jaarlikse Fynbos Skou, maar die Skou het egter 'n dieper storie agter die viering.

Volgens die amptelike Fynbos Skou-blad lê die hartklop agter die Skou in die bewaring van ons unieke omgewing:

“Die Skou fokus op die belangrikheid van die bewaring van ons Fynbos-biodiversiteitsones wat direk rondom Hopefield geleë is. Ons blomme- en plante-uitstallings word beskou as van die beste in Suid-Afrika.”

Die Fynbos Skou se oorsprong strek egter veel verder terug as net vandag se vieringe. Die storie begin reeds in 1989, toe die plaaslike inwoner Fiona Kotzé die eerste Skou georganiseer het. Volgens die kenners van die Fynbos Skou het dit eenvoudig begin, met bure wat gehelp het om blomme bymekaar te maak en by die plaaslike skouterrein uit te stal. Wat klein begin het, het mettertyd gegroei tot 'n geliefde gemeenskapstradisie.

Meer as drie dekades later bly die Skou steeds getrou aan sy oorspronklike wortels – deur die gemeenskap, vir die gemeenskap.

So, volgende keer as jy weer uitsien na die langverwagte Fynbos Skou, dink 'n bietjie terug aan die jare se bewaring, tradisie en geskiedenis wat ons vandag vier.



FYNBOSSKOU:

Waar Hopefield se Gees Tot Bloei Kom

Shezelle Burger – Graad 11

Elke jaar trek Hopefield mense in groot getalle na die bekende Fynbos Skou. Miskien is ons soos die insekte wat deur die pragtige fynbos aangetrek word, of miskien is dit die atmosfeer wat oor die hele Weskus geskep word wanneer ons bymekaarkom om alles wat die Fynbos Skou te bied het, te geniet.

Die Skou wek groot opgewondenheid by elke Hopefield-leerder. Dit is 'n jaarlikse tradisie dat onderwysers leerders die geleentheid bied om gedurende een van hul periodes na die sportgronde te gaan om die Fynbos Skou vroegtydig te ervaar. Hierdie jaar het die kinders vet pret gehad op die verskeie ritte wat jou onderstebo en agterstevoor laat tuimel soos 'n wasmasjien in 'n siklus. Die leerders kon deur al die stalletjies vensterinkopies doen en goeie Hopefield-gees teenoor elke verkoper en ander Fynbos-besoekers toon.

Die peuselhappies was natuurlik ook 'n groot treffer. Van Simply Bee se fenomenale kaaskoek tot opgevolde koekies – almal het hul trommeldik geëet en hul soettand vir die naweek bevredig. Daar was vermaak vir elkeen se smaak, met 'live' kunstenaars, vele dansgeleenthede en natuurlik die alombekende Mnr. en Mej. Fynbos.

Mnr. en Mej. Fynbos het hierdie jaar bo en behalwe gegaan met hul tema: "In die Woud". 'n Mens kon jou maklik verbeel dat jy in die regte weergawe van The Jungle Book beland het. Kinders van alle ouderdomme het hul kreatiwiteit op die verhoog ten toon gestel. Hulle het knap en kosbare kostuums gehad, van grotmanne tot bere en poue tot tiere. Hopefield het vir een aand sy eie wildetuin gehad!

Deelnemers en toeskouers het beslis die aand gekoester, met asemrowende musiek en 'n aanhoudend goeie atmosfeer. Daar was ook groot pryse op die spel vir 'n verskeidenheid kategorieë, en ons wens geluk aan diegene wat die titels kon verower. Mnr. en Mej. Fynbos het dus gewys dat die kompetisie glad nie net om mode en skoonheid gaan nie, maar ook oor die algehele Hopefield-gees.

Die Fynbos Skou is dus veel meer as net 'n jaarlikse geleentheid op Hopefield se kalender. Dit is 'n viering van ons gemeenskap, ons kreatiwiteit en die unieke gees wat Hopefield so besonders maak. Van die opwindende ritte en heerlike lekkernye tot die kleurvolle kostuums en onvergeetlike vermaak, was daar iets vir elkeen om te geniet.

Soos die fynbos wat elke jaar weer blom, kom Hopefield se gees ook jaar na jaar tot volle bloei. Een ding is seker – die Fynbos Skou laat nie net herinneringe agter nie, maar laat ons reeds uitsien na wat volgende jaar se Skou gaan bring!



SEKRETARESSE DAG:

Ons Superhelde!

Behn Shepherd – Graad 11

Ons het superhelde by ons skool. Regtig! Hulle sit voor by die kantore, altyd gereed om die volgende probleem op te los. Hulle name is Tannie Annemarie, Tannie Esmé, Tannie Liza, Tannie Catherine, Tannie Leani en laastens Tannie Erna.

Op Woensdag 2 September 2026 het ons as skool Sekretaressedag gevier – 'n dag om erkenning te gee aan die mense wat elke dag agter die skerms hard werk om ons skool aan die gang te hou.

Die sekretaresses by ons skool is die gom wat alles aanmekaar hou. Hulle antwoord elke dag die fone, neem boodskappe, doen somme, organiseer dokumente en hanteer nog vele meer take. Sonder hulle sou die skool eenvoudig nie so glad kon funksioneer nie.

Alhoewel hulle werk soms stresvol kan wees, bly hulle vriendelik en professioneel. Hulle ken baie van die leerders en is altyd bereid om 'n handjie te help wanneer iemand hulp nodig het. Of dit nou 'n vinnige vraag, 'n boodskap, 'n projek vinnig afrol of een van daardie klein skoolprobleme is wat skielik soos 'n groot probleem voel, kan 'n mens altyd op hulle staatmaak.

Sekretaressedag is dus meer as net 'n dag op die kalender. Dit is 'n geleentheid om dankie te sê vir al die dinge wat dikwels ongesiens gedoen word, maar wat 'n groot verskil aan ons skool maak.

Aan Tannie Annemarie, Tannie Esmé, Tannie Liza, Tannie Catherine, Tannie Leani en Tannie Erna: baie dankie vir alles wat julle elke dag vir ons doen. Julle is die superhelde agter die skool se kantore – en ons waardeur julle meer as wat julle dalk besef!



SPRING BALL:

A Night to remember

Hlonela Ndleni and Eva Daniels – Grade 10

On 4 September, the Spring Ball brought learners together for an evening of elegance, celebration and unforgettable memories. Held in the school hall, the venue was beautifully decorated with an abundance of flowers, creating a warm and elegant setting for the evening.

The dress code added to the special atmosphere, with learners dressed up and ready to enjoy an evening away from the usual school routine. Excitement, laughter and joyful moments filled the hall as students came together to celebrate friendship and enjoy the evening with their friends and partners.

For one night, the pressure of academics and everyday responsibilities faded away. Students could simply relax, socialise and, of course, sokkie their hearts out with their partners. Every smile, dance and conversation added something special to an evening that will remain one of the highlights of their year.

The Spring Ball was a lovely opportunity for learners to step away from the everyday routine and enjoy an evening of friendship, dancing and celebration. With beautiful decorations, dressed-up learners and plenty of memories made, it was certainly a night to remember.









RUGBY:

"Ma, ek wil 'n groen trui dra"

Wikus Redelinghuys – Graad 12

Rugby at Hopefield High School is full of spirit and pride. Our boys play with heart, courage and plenty of teamwork. This year once again proved that HSH never gives up and always fights hard on the field.


Hierdie seisoen het die spanne hul ware gees gewys. Hulle het met trots en deursettingsvermoë gespeel, ongeag hoe moeilik die wedstryde was. Rugby by HSH gaan immers oor meer as net die telling op die telbord – dit gaan oor trots, moed en om jou skool se naam hoog te hou.

We faced strong schools like Swartland, Hugenote and Paul Roos, but the highlight was certainly THE game – our Inter-Schools against Vredendal. With a big, triumphant win and the cheers of the crowd ringing across the field, it was clear that Hopefield rugby is alive and stronger than ever.

Elke oomblik op die veld was meer as net 'n wedstryd – dit was 'n stryd van hart en siel. Die spelers het gehardloop met vuur in hul oë, die toeskouers het met trane van trots geskree, en die hele gemeenskap het as een saamgestaan. Dit was nie net rugby nie; dit was Hopefield se gees, trots en manier van lewe wat deur elke duikslag en elke drie gebrand het.

Want wanneer jy daardie groen trui aantrek, dra jy nie net 'n kleur nie. Jy dra Hopefield saam met jou.

Ons vir jou, Hopefield!



NETBALL:

A Season To Remember

Anya Nel – Grade 10



From the first whistle of the season to the final game at Inter-Schools, our netball teams showed determination, teamwork and true school spirit. Dit was 'n seisoen vol uitdagende wedstryde, opwindende oorwinnings en waardevolle lesse. In the end, every player walked away with unforgettable memories, new skills and friendships that will last beyond the final whistle.

The Season:

Die begin van die kwartaal het afgeskop met van die uitdagendste wedstryde van die seisoen, teen Swartland en Hugenote. Hierdie wedstryde het ons voorberei vir Interskole en ons gemotiveer om harder te oefen en ons beste te gee.

Deur die tweede kwartaal en selfs gedurende die vakansie het netbalproewe en -toernooie plaasgevind. Ons spelers het uitstekend gevaar en ons skool se naam met trots verteenwoordig by die Interdistrikstoernooi in Bredasdorp en die SASN-toernooi in Boksburg. Every match, whether won or lost, was a privilege because we were never playing only for ourselves. We were playing for our team and our entire school.

A Memorable Match:

The Inter-Schools match against Vredendal was undoubtedly one of the highlights of the season. Every team showed how much they had grown throughout the season, and the incredible support on the courts was truly special.

Baie spelers het nie net met trots van die baan afgestap nie, maar ook met 'n ekstra vriendin. It was the perfect way to end another memorable netball season.

The People Behind The Season:

Behind every match was the dedication of our coaches, whose guidance, patience and hard work helped every player improve. Our biggest supporters, our parents, also played an important role by bringing energy and encouragement from the sidelines. Together, they made every match feel like more than just a game.

The People Behind The Season:

Although the season has come to an end, the lessons of teamwork, perseverance and commitment will remain. But the netball year is not quite over yet!

Aan die begin van Oktober kom die afrigters en spelers weer bymekaar vir die skool se eerste Bokkie-Beker, ons eie netbaltoernooi. We look forward to making new memories, building friendships and learning new skills!

HOKKIE:

Meer as net 'n Sport

Johanné Visagé – Graad 11

Hokkie is nie net 'n sport nie; dit is iemand se “wegbreek”, 'n tuiste en 'n plek waar vriende bymekaarkom om saam hul beste te gee.

By HSH word die gewone dinge buitengewoon gedoen, en die hokkieveld is 'n perfekte voorbeeld daarvan. Deur die seisoen het ons hokkiesterre gewys wat dit beteken om deel van 'n span te wees. Agter elke wedstryd is daar ure se oefening, harde werk en spanmaats wat mekaar ondersteun.

Dit is daarom met groot trots en opgewondenheid dat ons kan bevestig dat HSH, ná 171 jaar, besig is om 'n “mini-astrobaan” te bou. Dit is 'n besondere geleentheid vir al ons hokkiesterre en bied aan hulle 'n nuwe ruimte waarin hulle hul vaardighede verder kan ontwikkel en nog beter kan raak in hokkie.

'n Groot dankie aan al die spelers, afrigters, ondersteuners en borge wat hokkie by HSH moontlik maak en die seisoen so spesiaal gemaak het. Elke persoon wat langs die veld staan, aanmoedig, oefen of speel, dra by tot die groter hokkiefamilie.

Kom ons pak volgende jaar se hokkieseisoen aan met nóg meer deursettingsvermoë, spanwerk en Hopefield-gees!

